

2 Augustus

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:12-23**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:22**

### **Vernuut tot egte aanbidding**

Samuel lê hier 'n sonde waaraan ons ons almal maklik skuldig kan maak, bloot. Saul het opdrag van die Here gekry om Amalek, 'n ou vyand van Israel, met die banvloek te tref. Hy besluit egter om die koning van Amalek, Agag, te laat leef om met hom te kan spog. Hy laat ook toe dat die beste vee gespaar word en slegs die slegtes doodgemaak word. Dan probeer hy sy besluite regverdig deur voor te gee dat die buit as offer vir die Here bedoel is.

Samuel maak van die verskonings korte mette! Hy sê vir Saul: "Gehoorzaamheid is beter as slagoffer en om te luister beter as die vet van ramme!" Samuel stel die allerbeste wat geoffer kan word, as gehoorzaamheid voor. Saul se hart was nie in sy opdrag nie en ook nie in sy verhouding tot die Here nie. Hy pleeg vormgodsdien. Soos Samuel sê: Eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Hy maak sy eie god.

Daarom moet ons sorg dat ons hart in ons aanbidding is. As ons Bybel lees, moet ons weet dat ons met die lewende God in gesprek tree. Dink daaraan dat jy met jou gebed in die heiligheid van die Here ingaan. Laat elke erediens vir jou 'n egte en opregte omgang wees met Hom wat jou graag wil ontmoet. Laat jou hele lewe 'n lewende getuienis wees dat Jesus Christus jou 'n nuwe mens gemaak het sodat jy kan hoor en kan luister, nie net met jou ore nie -- met jou hart ook!

*Sing: Psalm 84:1, 6*

*Ds. PB de Klerk (Emeritus)*